

14 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Psalm 35
Fokusgedeelte: Psalm 35:12-24 (17-18)

Ek sal nie vrees nie, want U is by my

Psalm 35 vertel van die benarde posisie/nood waarin die Psalmdigter verkeer, blykbaar in 'n latere deel van sy lewe. Vers 12 en verder wys op die kwaadwillige getuies wat teen hom optree, hom valslik beskuldig, hom met kwaad wil vergeld, waar hy teenoor hulle goed opgetree het – hulle in hulle nood en siekte besoek en vir hulle gebid het.

Hy neem sy toevlug tot die Here en bid. Red my lewe, dan sal ek U in die volle vergadering dank en in die hele gemeente prys (Ps, 35:17-18).

Dawid ervaar iets wat Jesus ervaar het. Jesus se eie mense het Hom valslik, kwaadwillig behandel, verneder, Hom verwerp, Hom oorgelewer om gekruisig te word, terwyl Hy soveel genees het, vir hulle gebid het, soveel gered het. Weet u, Hy het dit ook vir ons gedoen en Hy tree nou vir ons in, as Hoëpriester, aan die regterhand van sy Vader. Daarom kan ons verseker weet dat, wanneer ons ons toevlug na Hom neem, Hy ons sal red, bewaar, bevry van wat ons bedreig. Wees daarvan verseker in hierdie dag.

Elkeen wat Hom volg, sal teenkanting ervaar. Maar onthou, U is nooit alleen nie. Jesus se woorde: Want in hierdie wêreld sal julle dit moeilik hê, maar hou goeie moed. Ek het die wêreld oorwin en Ek is met julle tot aan die einde van die wêreld (Joh. 16; Matt. 28).

Ek is met julle – watter geweldige troos. Al gaan ek in 'n dal van doodskaduwee, sal ek nie vrees nie, want U is by my. Dan sal ek U altyd prys en dank, elke dag, want U is my Here. Amen.

Sing: Psalm 116:1, 7

Ds DF (Dawid) Coetzee (Piet Retief)